



**ISSF WORLD CUP
RIFLE / PISTOL
MUNICH, GER
17 MAY – 24 MAY 2017**

SAARA Munich toer - 2017

Toerbestuur

Johan Pienaar

Skuts

Pierre Basson

Barto Pienaar

Datums

16 Mei – 23 Mei 2017

Verslag

Op 16 Mei 2017 vertrek die toerspan op 'n direkte SAL vlug saam met ouers om aan die ISSF Munich Wêreld Beker wedstryd te gaan deelneem. Ons word die volgende oggend op die lughawe ontmoet deur 'n wedstryd verteenwoordiger wat ons direk na die skietbaan neem om ons wapens te stoor en daarna te neem na die hotel.

Die middag keer ons terug na die baan om die toerusting inspeksie en registrasie af te handel. Alles is in plek en die skuts ervaar geen probleme met toerusting inspeksie nie. Dit is interessant om sien hoe al die beste meetinstrumente toegepas word, asook 'n spesiale apparaat om die afmetings van die geweer te toets. Met die nuutste weergawe van die ISSF reëls is daar 'n groot aantal veranderlikes wat gemeet moet word.

Die amptelike verrigtinge begin op 18 Mei 2017. Pierre en Barto meld aan vir hulle "Pre event training" op die baie indrukwekkende luggeweer baan met 100 elektroniese teikens. Daar is baie inskrywings (ongeveer 170) en die baan vir beide aflossings is feitlik vol. Pierre skiet in die eerste aflossing en Barto in die tweede.

Die wedstryd word op Vrydag 19 Mei 2017 geskiet en Pierre skiet 'n telling van 616.4, 'n **nuwe Suid-Afrikaanse rekord** en Barto skiet een van sy beste tellings van 611.5. Die hoogste telling in die uitdun rondtes was 630.2 en die agste plek (om in die finale rondte in te kom) telling was 627.8.

Ons woon later die middag die finale rondte by en dit is 'n ondervinding om te sien hoe 'n finale ronde op die hoogste vlak aangebied word. Die finale rondte ontbreek egter die opwindende en gees wat ons tydens die Afrika Kampioenskappe beleef en ervaar het en alles verloop baie meer besadig. Sergey Kamenskiy van Rusland wen goud met 'n nuwe wêreld rekord telling in die finale rondte (wat volgens die nuwe reëls geskiet is).

Dit was vir ons en die twee skuts 'n groot inspirasie en voorreg om aan 'n wedstryd op hierdie vlak, die grootste ISSF Wêreld Beker in die huidige seisoen, deel te neem en hulle skiet helde en Olimpiese goue medalje wenner te ontmoet.

Ons kry kans om toerusting te laat diens en al die nuutste toerusting op die mark te bekyk, wat die ouers natuurlik 'n paar Euro uit die sak gejaag het.

Ons kry kans om 'n paar van die besienswaardighede in en om Munich te verken en vertrek op die 23ste Mei 2017 terug na Suid Afrika.

Opsomming.

Die reëlings van die wedstryd, vervoer en verblyf was uit die boonste rakke en ons het baie maklik in Munich oor die weg gekom deur van die openbare vervoer stelsel gebruik te maak.

Die toer was 'n baie goeie ondervinding vir ons skuts en hulle het baie ondervinding opgedoen en inspirasie uit die toer geput.

Ek wil graag vir Tannie Christie Jacobs bedank vir die moeite en geduld wat sy met ons gehad het om die inskrywings te hanteer. Ons het geweet dat dit 'n uitdaging gaan wees om die skuts op twee internasionale toere binne 'n paar weke te stuur, maar alles het vlot verloop en ons het geen administratiewe probleme ondervind nie.

Een van die doelwitte van die toer was om te probeer om kwalifiserende punte vir die 2018 Statebondspele te verwerf en alhoewel ons graag beter tellings wou gesien het, **is Piere op die oomblik in die 6de plek en Barto op die 8ste plek op die ISSF rangorde, as slegs die beste 2 skuts van elk van die Statebonds lande op die ISSF ranglys in ag geneem word (ISSF ranglys soos gepubliseer op 2017-06-01, op die ISSF website).** Ons wag nog vir die finale besluit van SASCOC rakende die kriteria vir die Statebondspele.

Johan Pienaar

